AANSOEK VORM & MEMORANDUM VAN OOREENKOMS
Sernick Bultoetssentrum

AANGEGAAN EN GESLUIT DEUR EN TUSSEN:

SERNICK [PTY] LTD
Reg no: 78/02199/07

Adres: Posbus 130
EDENVILLE
9535
(Hierinlater verwys na "Sernick")

En

_____ (naam)

ID Nommer / Besigheid. / Trust
BK / Registrasie no. _____

Pos adres: _____

Fisiese adres: _____

Telefoon no. _____ Faks nr. _____

Selfoon no. _____ BTW no. _____

Stamboek lid no. _____
(Hierinlater verwys na "Applikant")

AANGESIEN die Applikant begerig is om die volgende bul(le) te onderwerp aan toetse by die Prestasie Toetssentrum van Sernick op die plaas Liebenbergstroom, Edenville, word dit ooreengekom dat die volgende terme en voorwaardes van toepassing sal wees:

1. IDENTIFIKASIE EN INLIGTING VAN BUL(LE)

Ek doen hiermee aansoek om _____ bul(le) te toets in Toets no._____ te Sernick Bultoetssentrum.

TABEL A:

Par.

Verpligte inentings gedoen?:	JA	NEE
Knoppiesvel		
Miltsiekte		
Sponssiekte		
Lamsiekte		
Slenkdalkoors		
Pasturella		
Bovishield		
Siteguard		

SIEN AANHANGSEL A – BRIEF DR P VAN ZYL

Algemente Inligting:	JA	NEE
Is Fase A data ingestuur?		
Is die kudde TB geakrediteer?		
Is bulle gedoseer binne die laaste 3 weke		
Is die bulle gedip binne die laaste 3 weke		
Het die bulle:		
Omlope?		
Skurfte?		
Vratte?		
Vrotpootjie?		
Horings?		

ID no. Bul(le)				Geboorte							Moeder		Vader	
Prefix	Yr/Seq no	Comp No.	Gen	Datum	Massa	Werklike Speen Massa	205 Dag Massa	Speen Inhoud	Leë Maag Massa	Lek Y/N	ID No.	Comp No.	ID No.	Comp No.

Par.

2. TOELATINGSVEREISTES EN REGULASIES

Die volgende vereistes en regulasies is van toepassing:

2.1 Alle inentings soos uiteengesit in Tabel A hierbo is verpligtend en moet gedoen word voordat bulle gespeen word.
2.2 Bulle moet ten minste ‘n week voor aankoms te die Toetssentrum gespeen word.
2.3 In ‘n geval waar ‘n bul vrek as gevolg van enige toestande gelys in Tabel A, sal Sernick geen verantwoordelikheid aanvaar vir die verlies nie.
2.4 Slegs bulle met Fase A data en rekenaarnommers beskikbaar, sal aanvaar word.
2.5 Die bul(le) word getoets vir TB en CA met aankoms by die Toetssentrum. Enige positiewe uitslae sal neerkom op afwysing van die bul(le).
2.6 Bul(le) moet vry wees van Omlope, Skurfte, Vratte, Vrotpootjie en Horings met aankoms by die Toetssentrum.
2.7 Bul(le) moet vry wees van enige / alle ander siektes / gebreke met aankoms by die Toetssentrum.
2.8 Bul(le) moet duidelik getatoeër word met aankoms by die Toetssentrum.
2.9 Die volgende gewig parameters moet aan voldoen word wanneer die bul(le) by dieToetssentrum afgelewer word:

(AAN)TEEL	**MINIMUM** KG	**MAKSIMUM** KG
AFRIKANER	195	240
BEEFMASTER	230	285
BONSMARA	220	270
BRAFORD	200	250
BRAHMAN	225	275
BRANGUS	220	270
BRAUNVIEH	250	310
CHAROLAIS	250	310
DEXTER	110	150
DRAKENSBERGER	220	270
GALLOWAY	210	260
GELBVIEH	250	310
HEREFORD	225	275
HUGUENOT	230	290
LIMOUSIN	240	295
NGUNI	160	205
NORTH DEVON	210	260
PINZGAUER	250	310
RED POLL	235	290
ROMAGNOLA	250	310
SA ANGUS	215	265

Par.

SANGANER	180	225
SANTA GERTRUDIS	235	290
SHORTHORN	215	265
SIMBRA	250	310
SIMMENTALER	260	320
SOUTH - DEVON	250	310
SUSSEX	215	265
TULI	185	230

2.10 Aansoeke moet ingedien word by die Toetssentrum ten minste twee weke voor die aanvang van enige toetse. Aansoeke moet volledig voltooi en onderteken wees voor die aanvang van enige toets.

2.11 Geen bul(le) mag onttrek word van die toetse tensy ‘n beampte van die SA STAMBOEK dit voorstel en die Applikant stem toe dat dié besluit in die alleen diskresie van die betrokke beampte sal wees.

2.12 Alle toetse sal uitgevoer word onder die toesig van die SA STAMBOEK en onderhewig aan nakoming van alle regulasies in verband daarmee.

2.13 Die bul(le) sal gebrand word met die relevante meriete brandmerk by voltooiïng van die toetse.

3. KOSTE EN MANIER VAN BETALING

3.1 Die Applikant aanvaar verantwoordelikheid van betaling van die volgende kostes:

3.1.1 Alle vervoerkostes na en van die Toetssentrum.

3.1.2 Alle kostes aangegaan tydens die toetsperiode bestaande uit, maar nie beperk nie tot direkte voerkostes, veeartskostes en medisyne, versekeringspremies, administrasie-en hanteringskostes.

3.1.3 Rente op alle agterstallige bedrae teen ‘n rentekoers gelykstaande aan die prima oortrokke uitleenkoers van Standard Bank.

3.2 Koste per dier getoets word bepaal van tyd tot tyd (Kontak asb vir Pieter Booysen op 082 384 0020). Letwel dat addisionele kostes vir voer, veearts en medisyne, asook administrasie en hantering kan ontstaan.

3.3 Betaling van al toets bedrag sal as volg geskied:

3.3.1 ‘n Deposito van 50% + BTW van die toets fooi per dier binne 7 (sewe) dae bereken vanaf die datum van aflewering van die bul(le).

3.3.2 ‘n Tweede betaling van 50% + BTW van die toets fooi per dier binne 7 (sewe) dae bereken vanaf datum van die belastingfaktuur vir welke bedrag die Applikant gefaktureer sal word ongeveer 2 (twee) maande na datum van aflewering van die bul(le).

3.3.3 ‘n Derde betaling binne 14 (veertien) dae vanaf die datum van die belastingfaktuur vir welke bedrag die Applikant gefaktureer sal word by

voltooiïng van die toetse ongeveer drie en ‘n halwe (3.5) maande na datum van aflewering van die bul(le). In die geval waar die bedrae genoem in 3.3.1 en 3.3.2 hierbo die kostes aangegaan by die Prestasie Toetssentrum oorskry, sal ‘n kredietnota uitgereik word deur Sernick en betaling van daardie bedrag sal aan die Applikant geskied binne 14 (veertien) dae bereken vanaf die datum van uitreiking van die kredietnota.

3.4 In die geval waar die Applikant nalaat om enige van die bedrae genoem in klousule 3.3.1 en 3.3.2 te betaal, sal Sernick die reg hê om die bul(le) onmiddellik te onttrek uit die toetsprogram sonder benadeling van hulle regte om met verdere regstappe teen die Applikant voort te gaan.

3.5 In die geval waar die Applikant nalaat om die bedrag bedoel in 3.3 hierbo, te betaal sal Sernick die reg hê om regstappe in te stel teen die Applikant en die Applikant sal verantwoordelik wees vir alle koste aangegaan op ‘n skaal tussen Prokureur en Kliënt. **Sernick sal geen bul(le) laat vertrek by Sernick as betaal terme soos hierbo uiteengesit nie nagekom word nie.**

4. ALGEMEEN

4.1 Die Prestasie Toetssentrum sal geregtig wees om ‘n bul te slag wat nie voldoen aan die vereiste minimum ras standaard nie, op voorwaarde dat die Applikant toestemming gee in watter geval die netto opbrengs vir die rekening van die Applikant sal wees alternatiewelik sal die Applikant geregtig wees om herbesit te neem van die bul(le) teen betaling van alle bedrae verskuldig aan Sernick.

4.2 Sernick sal nie verantwoordelik wees vir enige skade veroorsaak aan die Applikant nie wat voortspruit uit die besering en/of sterfte van ‘n bul gedurende vervoer na en van die toetssentrum en die Applikant vrywaar hiermee Sernick van enige eise in die geval waar die versekeringsmaatskappy enige sodanige eis repudieer.

5. Hierdie ooreenkoms stel die hele ooreenkoms tussen die partye en geen wysiging of verandering daaraan sal geldig wees nie tensy dit op skrif gestel en onderteken is deur beide partye hiertoe.

GETEKEN te _____ op hierdie _____dag van _____20

_____ _____
APPLIKANT GETUIE

_____ _____
Vir SERNICK [PTY] LTD GETUIE

AANHANGSEL A

Par.

Heilbron Diereklinik BK

Veearts / Veterinarian

Dr. P.L. van Zyl (B.V.SC – fclo1/5266)

Breëstraat 136, Heilbron 9650

Tel: 058- 8522297/058- 8522140 Faks: 0588530257

Sernick **07/02/2014**

Posbus 130

Edenville

9535

Voorgestelde aanvullende longontsteking en rooiderm ent voor na toetsstasie of 24h na aankoms.

Mannheimia Pasteurella

Pasteurella multocida

Histophyllus somni

Ons laat ñ 3/1 van bogenoemde aanmaak. Aangesien nie komersieel beskikbaar nie, laat weet.

Dit is aanvullend en kalwers behoort voor speen steeds mannheimia + 10/1 clostridia te ontvang, asook 4/1 virus MLV teen IBR en BVD/Mucosal (Pyramid 4/ Bovishield).

Baie dankie.

Dr. P.L. van Zyl BVSc.

Par.